

2 April

Johannes 19:17-37, (Teks: 19:30)

Hoe Christus alles vir ons volbring

Wat Jesus voor sy sterwe met die sug: "dit is volbring" bedoel het, sal ons nooit kan begryp nie. Ons weet net: Alles wat sy Vader van Hom vereis het, was toe afgehandel, alles wat nodig was om die sondeskuld te versoen.

Ons mag wel dink dat die heerlike vrugte van Christus se versoening ons eers eendag na ons dood sal toeval - amper soos met 'n lewenspolis. Maar dis gewis nie so nie; intendeel, wat Hy vir ons volbring het, ervaar ons nou al heerlik in die gewone. Dis met ons soos Psalm 23 sê: "Na waters waar rus is, lei Hy my heen."

Soggens hier in die Bosveld tou die beeste water toe, dorstig na die lang nag in die veld. Dalk het 'n ongedierte hulle rus versteur. Stampend en stotend beur hulle ongeduldig om tog net 'n bek by die koel water te kry. As hulle egter klaar gedrink het, kom daar 'n groot verandering. Dan is al die angstigheid verby. Een vir een gaan hulle lê met 'n behaaglike sug en begin tevrede herkou. 'n Toonbeeld van rustigheid daar by die water.

En 'n beeld van ons lewens, dan nie? Is dit nie hoe die Here al 'n duisend maal met ons gemaak het: Elke nood en seer en smart het Hy opgeklaar. Hier sit u nou en u moet erken: Van eens swerende wonde, geskeur deur die giftige naels van die Brullende Leeu is daar dalk nog net vae littekens oor. So sal die Here ook vorentoe vir u alles volbring. Selfs as die grootste vyand, die dood, opdoem, keer Hy dit om in volkome genesing, ewige saligheid...

Sing: Psalm 42:3

Ds. C.J. Nagel (Potgietersrus)